higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INKOMSTEBELASTING N6

(4010206)

25 September 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 1 inligtingsblad.

099Q1B2025

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INKOMSTEBELASTING N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 Die inkomste wat uit die verhuring van 'n plaastrekker aan ander boere ontvang word, word ander inkomste genoem.

1.1.2 Huurinkomste wat van 'n plaasbestuurder ontvang word wat in 'n kothuis op die plaas bly, is boerdery-inkomste.

1.1.3 'n Annuïteit wat betaal word aan 'n voormalige werknemer, wat 51 jaar oud is en vroeg afgetree het omdat sy vrou die lotery gewen het, is aftrekbaar.

1.1.4 Kinder- en ouderdomstoelaes wat deur die regering betaal word, is nie vrygestelde inkomste nie.

1.1.5 Wanneer die aantal afhanklikes toeneem vir 'n belastingpligtige wat tot 'n mediese fonds bydra, verhoog die bedrag aan mediesebelastingkrediete.

(5 × 2) (10)

1.2 Daisy (Edms) Bpk is 'n rekenmeesters- en belastingraadgewingsmaatskappy wat uit die private woning van Bright Daisy, wat die alleenaandeelhouer van die maatskappy is, bedryf word. Sy het 'n kleinerige woonstel, wat op dieselfde erf as haar private woning geleë is, in maatskappykantore omskep. Die maatskappy is 'n geregistreerde BTW-ondernemer.

Bespreek of die uitgawes verbonde aan die transaksies in die scenario's hier onder, ingevolge die formule vir algemene aftrekkings (artikel 11(a)) en artikel 23 (Verbode aftrekkings) van die Inkomstebelastingwet, vir Daisy (Edms) Bpk vir die 2020- jaar van aanslag aftrekbaar of nie-aftrekbaar is.

1.2.1 'n Bedrag van R3 800 word op 15 September 2019 aan die instandhoudingsbeampte betaal om die voordeur van die kantoor, wat deur 'n woedende kliënt beskadig is, te vervang. Die volle bedrag kan gelukkig van die maatskappy se versekering verhaal word.

1.2.2 'n Bedrag van R900 word op 31 Oktober 2019 vir administratiewe boetes verbonde aan die laat indiening van die jaarlikse inkomstebelastingopgawe vir die 2018- jaar van aanslag aan die SAID betaal.

1.2.3 Maandelikse huurgeld van R2 500 (BTW ingesluit) vir 'n fotokopieermasjien wat uitsluitlik in die onderneming gebruik word, word per debietorder op die eerste van elke maand aan Happy Copiers betaal.

Kopiereg voorbehou

1.2.4 'n Bedrag van R64 500 word op 30 Desember 2019 aan Room Contractors betaal omdat hulle twee vertrekke aan die woonstel aangebou het. Die vertrekke sal met ingang van 1 Januarie 2020 aan Daisy (Edms) Bpk se werknemers uitgehuur word.

(4 × 2) (8)
[18]

VRAAG 2

Mnr Jabu Dube, 'n voorlopige belastingpligtige, voorsien die volgende inligting aan jou:

	RAND
Geskatte jaarlikse inkomste in die helfte van die jaar	600 000
Geskatte jaarlikse inkomste op jaareinde	800 000
Lopendebetaalstelsel in die helfte van die jaar	50 000
Lopendebetaalstelsel op jaareinde	100 000
2019- aangeslane belasbare inkomste	650 000

Mnr Jabu Dube is 78 jaar oud en buite gemeenskap van goedere getroud. Hy dra by tot 'n mediese fonds, terwyl sy vrou tot 'n ander mediese fonds bydra. Hy wil graag die betaling van sy inkomstebelasting so lank moontlik uitstel sonder om die gevaar te loop dat hy beboet word. Dit is ook sy wens om die kleinste bedrag moontlik aan voorlopige belasting te betaal omdat sy kleinkind binnekort trou en hy graag vir die troue wil betaal.

2.1 Bepaal Jabu Dube se eerste voorlopige betaling (dui die datum aan asook die vorm wat gebruik moet word). (18)

2.2 Bepaal sy tweede voorlopige betaling (dui die datum aan). (12)
[30]

VRAAG 3

Petunia, wat 65 jaar oud is, tree op 31 Oktober 2019 af nadat sy 28 jaar lank by 'n maatskappy gewerk het. Sy is binne gemeenskap van goedere getroud, met een minderjarige kind. Petunia behoort aan 'n mediese fonds en bly 'n lid daarvan ná haar aftrede. Haar salaris is R22 000 per maand.

Die volgende inligting word aan jou verskaf sodat jy haar belastingverpligting vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020 kan bepaal:

	RAND	
Bonus	24 000	
Pensioenannuïteit	2 800	per maand
Behuisingsubsidie	4 000	per maand
Suid-Afrikaanse rente op 'n belegging ontvang	1 000	
Pensioenenkelbedrag	800 000	
Opgehoopteverlof-betaling	6 000	
Gratifikasie	4 000	
Enkelbedrag uit lewenspolis	520 000	
Geskenk van kollegas	2 500	
Verkoop van ou skootrekenaar	1 500	
Casino-wengeld	250 000	
Bydrae tot pensioenfonds	8 000	
Bydrae tot voorsorgfonds	2 500	
Bydrae tot uittredingsannuïteitsfonds ('RAF')	3 500	
Belasting tydens die jaar teruggehou	55 691	
Bydrae tot mediesehulpfonds: Self	24 000	
Werkgewer	16 850	
Kwalifiserende mediese uitgawes	10 000	
Langdiensbeloning	7 500	

Bereken Petunia se belastingverpligting vir die 2019/2020- jaar van aanslag. **[40]**

VRAAG 4

Collin Ndou, 'n beesboer wat 52 jaar oud is, boer in die Vhembe-distrik.

Hy verskaf die volgende inligting vir die huidige jaar van aanslag aan jou:

	RAND
Verkope van lewende hawe	760 000
Aankope van lewende hawe	375 000
Verkope van mielies	305 000
Bonus van die koöperasie	8 000
Rente op belegging ontvang	32 000
Koste om 'n nuwe dam te bou	380 000
Lone vir die bou van die dam	50 000
Weidingsgelde ontvang	80 000
Koeie aan vloedslagoffers geskenk	2
Koeie geslag as rantsoene aan arbeiders	4
Koeie geslag vir huishoudelike gebruik deur Collin Ndou en sy gesin	8
Nuwe veediptenks	6 500
Mediese uitgawes van plaaswerkers	2 800

LET WEL: Die markwaarde van al die koeie beloop R2 000 elk en die kosprys van elk bedra R1 000. Die standaardwaarde van 'n koei is R40.

Lewende hawe voorhande:	
28 Februarie 2019	
Markwaarde	375 000
Standaardwaarde	30 000
29 Februarie 2020	
Markwaarde	406 000
Standaardwaarde	36 840

Bereken die 2019/2020-belasting betaalbaar deur die belastingpligtige. **[40]**

VRAAG 5

Drum Rum (Edms) Bpk is nie as 'n kleinsakekorporasie omskryf nie en doen sake as drankvervaardiger. Die maatskappy doen meestal in Suid-Afrika sake en verkoop die meeste van sy drankprodukte op krediet aan drankkleinhandelaars in Suid-Afrika en buurlande. Die maatskappy is 'n geregistreerde ondernemer vir BTW-doeleindes en sy jaar van aanslag eindig op 29 Februarie 2020. Alle bedrae sluit BTW uit, tensy anders aangedui word.

Die maatskappy het 'n belasbare inkomste van R6 758 631 voordat die volgende inligting in berekening gebring is:

	RAND
Uitvoerverkope – kontant	750 352
Dividende ontvang – Suid-Afrikaanse maatskappye	13 750
Ingevoerde drankbestanddele wat in die vervaardigingsproses gebruik word	588 535
Voorraad teen kosprys – 1 Maart 2019 Voorraad teen markwaarde – 1 Maart 2019	291 250 289 750
Voorraad teen kosprys – 29 Februarie 2020 Voorraad teen markwaarde – 29 Februarie 2020	319 760 325 753
Slegte skuld tydens die 2020- jaar van aanslag afgeskryf	75 205
Lys van twyfelagtige skuld op 28 Februarie 2019	85 725
Lys van twyfelagtige skuld op 29 Februarie 2020	105 250
Personeelkoste: • Aansporingsbonusse aan alle werknemers • Bydraes aan die pensioenfonds namens werknemers Die Kommissaris het 'n vergoeding van R2 000 000 vir doeleindes van pensioenfondsbydraes goedgekeur.	 350 000 135 250
Regsuitgawes aangegaan: • Regskoste verbonde aan die invordering van uitstaande debiteure • Regskoste betaal namens een van die maatskappy se direkteure rakende 'n private kwessie	 8 500 1 500
Reklamekoste aangegaan: • Koste van advertering van 'n vakature in die *Weekly Cape Mail* • Koste verbonde aan die oprigting van 'n reklamebord naby aan die BR Internasionale Lughawe in Botswana	 4 580 35 600
Drum Rum (Edms) Bpk koop die volgende kapitaalbates aan: 'n Nuwe brouvervaardigingsmasjien B word op 31 Desember 2019 teen 'n totale koste van R350 000 aangekoop en op dieselfde datum in gebruik gestel. Die installasiekoste vir masjien B beloop R14 375 (BTW ingesluit). 'n Tweedehandse afleweringsvoertuig word op 30 Junie 2019 teen 'n totale koste van R125 000 aangekoop om die Drum Rum (Edms) Bpk se drankprodukte by sy klante te besorg. As gevolg van tegniese probleme word die afleweringsvoertuig eers op 1 September 2019 in gebruik geneem.	

'n Nuwe vervaardigingsgebou word op 30 April 2015 teen 'n totale koste van R1 650 000 aangekoop en op 31 Julie 2015 in gebruik geneem. Die gebou huisves die hele drankvervaardigingsproses van Drum Rum (Edms) Bpk.	
Daar is skielik 'n vraag na een van Drum Rum (Edms) Bpk se vlagskipprodukte en Drum Rum (Edms) Bpk word gedwing om na bykomende vervaardigingsruimte te soek. Bliss BK word genader en 'n bruikhuurooreenkoms word op 1 Julie 2019 geteken, met 'n maandelikse huur van R15 000 wat vanaf 1 Julie 2019 vir 'n tydperk van vyf jaar betaalbaar is, met die opsie om die bruikhuurtydperk vir 'n verdere vyf jaar te verleng. Die bruikhuurooreenkoms bepaal dat Drum Rum (Edms) Bpk verbeterings van minstens R550 000 aan die huurperseel moet aanbring en 'n bruikhuurpremie van R90 000 daarvoor moet betaal. Die bruikhuurpremie word op 1 Julie 2019 betaal en die huurperseelverbeterings neem op 1 Augustus 2019 'n aanvang. Dit word op 1 Desember 2019 afgehandel. Die totale koste van die verbetering aan die huurperseel bedra R600 000 en die huurperseel word op 1 Januarie 2020 in gebruik geneem.	
Drum Rum (Edms) Bpk verkoop op 1 Februarie 2020 'n tegnologies verouderde vervaardigingsmasjien vir R15 000. Dit is oorspronklik tweedehands op 30 April 2017 vir R100 000 aangekoop en op dieselfde dag in gebruik geneem. Die maatskappy het 'n artikel 11(o)-skrappingskorting gekies.	
Die volgende koste word vir patente en handelsmerke aangegaan: • Hernuwing van patent J op 1 Augustus 2019 • Aankope van 'n nuwe handelsmerk op 31 Desember 2019	 8 500 65 000
Drum Rum (Edms) Bpk gaan op 31 Desember 2019, die dag waarop hy bedank, 'n ooreenkoms met Label Brew, die voormalige broumeester, aan en betaal hom 'n bedrag van R580 000 as handelsbeperkingsbetaling vir 'n tydperk van vyf jaar. Die ooreenkoms is van 1 Januarie 2020 van krag en die R580 000 word op 15 Januarie 2020 betaal. Slegs R550 000 daarvan is in Label Brew se hande vir die 2020- jaar van aanslag betaalbaar.	
Drum Rum (Edms) Bpk skenk R50 000 op 18 Desember 2019 aan Men in Orange, 'n openbare weldaadsorganisasie en ontvang 'n artikel 18A-inkomstebelastingsertifikaat op 31 Januarie 2020.	
Bykomende inligting: Bindende algemene beslissing nr. 7 maak vir die volgende afskrywingstydperk vir roerende bates voorsiening: • Afleweringsvoertuie – 4 jaar Die maatskappy het 'n aangeslane verlies van R112 314 wat van die 2019- jaar van aanslag oorgebring is. Die maatskappy betaal ook voorlopige belasting van R1 351 584 vir die 2020- jaar van aanslag.	

Bereken Drum Rum (Edms) Bpk se belastingverpligting vir die jaar van aanslag wat op 29 Februarie 2020 eindig. **[57]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

Chris Stone, 66 jaar oud, en sy vrou Penny, 53 jaar oud, is buite gemeenskap van goedere getroud en is albei Suid-Afrikaanse inwoners. Hulle verdien die volgende beleggingsinkomste tydens die huidige jaar van aanslag:

Chris:	
Belasbare buitelandse dividende	13 000
Rente op buitelandse beleggings verdien	15 000
Rente op plaaslike beleggings verdien	30 000
Penny:	
Belasbare buitelandse dividende	8 200
Rente op buitelandse beleggings verdien	2 950
Rente op plaaslike beleggings verdien	1 800

Bereken Chris en Penny se belasbare inkomste vir die huidige jaar van aanslag. **[15]**

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

INLIGTINGBLAD

BELASBARE INKOMSTE	BELASTINGKOERSE	RAND
0–195 850	18% vir elke R1	
195 851–305 850	35 253 + 26% van belasbaar bo	195 850
305 851–423 300	63 853 + 31% van belasbaar bo	305 850
423 301–555 600	100 263 + 36% van belasbaar bo	423 300
555 601–708 310	147 891 + 39% van belasbaar bo	555 600
708 311–1 500 000	207 448 + 41% van belasbaar bo	708 310
1 500 001 en hoër	532 041 + 45% van belasbaar bo	1 500 000

KORTINGS:	
Primêre korting	14 220
Sekondêre korting (persone van 65 en ouer)	7 794
Tersiêre korting (persone van 75 en ouer)	2 601

BELASTINGDRUMPELS:	
Onder 65 jaar	79 000
Van 65 tot 75 jaar	122 300
Van 75 en ouer	1 136 750

UITTREDINGSFONDS SE ENKELBEDRAGVOORDEEL OF SKEIDINGSVOORDEEL:		
BELASBARE INKOMSTE	**BELASTINGKOERSE**	**RAND**
0–500 000	0% van belasbare inkomste bo	
500 001–700 000	18% van belasbare inkomste bo	500 000
700 001–1 050 000	36 000 + 27% van belasbare inkomste bo	700 000
1 050 001 en hoër	130 500 + 36% van belasbare inkomste bo	1 050 000

KOERSE BETAALBAAR VIR MAATSKAPPY VIR DIE JAAR GEËINDIG 1 APRIL 2020 EN 31 MAAART 2020:		
BELASBARE INKOMSTE	**BELASTINGKOERS**	**RAND**
Maatskappye	28% van belasbare inkomste	

Kopiereg voorbehou